



LAERSKOOL DALVIEW

GEKONTROLEERDE TOETS

VAK: SOSIALE WETENSKAPPE (GEOGRAFIE)

GRAAD 4

EKSAMINATOR: MNR D. DEYSEL OUER HANDTEKENING _____

MODERATOR: MNR J. GILIOMEE 27/10/2023

DATUM: 17 NOVEMBER 2023 TOTAAL: _____ / 40 PUNTE

TYD: 60 MIN

NAAM EN VAN: _____ GR _____

Instruksies:

1. Lees elke vraag versigtig deur voordat dit beantwoord word.
2. Skryf netjies en leesbaar en voltooi met 'n blou pen.

Vraag analise:

<u>Afdeling A:</u>	Geografie	Kognitiewe vlak van die vrae	Totaal van die vraag
Vraag	Inhoud van die vraag		Puntetoekenning
Vraag 1	Voedsel en boerdery in Suid-Afrika	Vlak 1 en 2 Laer orde vrae	/12
	GROOT TOTAAL:		/12
<u>Afdeling B:</u>	Geografie	Kognitiewe vlak van die vrae	Totaal van die vraag
Vraag	Inhoud van die vraag		Puntetoekenning
1	Gebruik van water	Vlak 3 en 4 Middel orde vrae	/10
2	Water as 'n hulpbron	Vlak 3 en 4 Middel orde vrae	/5
3	Hoe mense hul water kry	Vlak 3 en 4 Middel orde vrae	/5
4	Besoedeling en afvalwater	Vlak 5 en 6 Hoër orde vrae	/8
	GROOT TOTAAL:		/28

Afdeling A:**[12]****Vraag 1: (Voedsel en boerdery in Suid-Afrika)****[12]**

- 1.1) Maak gebruik van die woordbank hieronder en pas die korrekte woord by elk van die volgende stellings. (6)

WOORDBANK		
• Bokke	• Wilde hoenders	• Graangewasse
• Hoenders	• Mielies	• Suikerriet
• Skrophoenders	• Pluimvee	• Wingerdstokke

- 1.1.1) _____ is voëls wat vir hulle vleis en eiers aangehou word.
- 1.1.2) _____ is die belangrikste soort pluimvee.
- 1.1.3) Mielies en koring word _____ genoem.
- 1.1.4) _____ groei die beste op plekke met warm, nat somers en koue droë winters.
- 1.1.5) Druwe groei aan plante wat _____ genoem word.
- 1.1.6) Hoenders wat los op die plaas rondloop, word _____ genoem.

- 1.2) Sê slegs of die volgende stellings **WAAR** of **VALS** is deur 'n kruisie (X) in die (6)
toepaslike blokkie te maak.

STELLING	WAAR	VALS
1.2.1) Melk kom van 'n koei, wat 'n dier is.		
1.2.2) Tee kom van 'n suikerriet af, wat 'n plant is.		
1.2.3) Die meel in 'n koekie, kom van koring wat 'n plant is.		
1.2.4) Mielies is nie 'n belangrike gewas in Suid-Afrika nie.		
1.2.5) Die San-mense het nie gejag vir hulle vleis nie.		
1.2.6) Al ons voedsel kom van diere of plante af.		


Afdeling B:

[28]

Vraag 1: (Gebruik van water)

[10]

1.1) Kyk na elk van die volgende prentjies genummer 1 – 10, skryf 'n kort sinnetjie hoe elkeen water kan bespaar.




	Baie kort sin hoe elkeen water kan bespaar
1	
2	
3	
4	
5	
6	
7	
8	
9	
10	

Vraag 2: (Water as 'n hulpbron)

[5]

2.1) Bestudeer die volgende prentjie van die natuurlike watersiklus, maak gebruik van die woordbank en vul die korrekte woord by die korrekte blokkie 1 - 5 in.

WOORDBANK	
• Kondensasie	• Neerslag
• Afloop	• Verdamping
• Son	



Vraag 3: (Hoe mense hul water kry)

[5]


3.1) Noem 5 voorbeelde waar mense hul water kan kry.

- _____
- _____
- _____
- _____
- _____

Vraag 4: (Besoedeling en afvalwater)

[8]

4.1) Organiseer die menslike watergebruiksiklus hieronder deur die korrekte stappe in elk van die blokkies in te vul.



Groot totaal = [40]

